

KOERSVAS

Uitgawe 11 Jaargang 1 22 Maart 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Sinodale pastorale deernis is 'n kombinasie van woorde wat getoets moet word. Kan hierdie drie woorde sinvol met toepaslike betekenis gebruik word of vertoon hierdie konsep interne betekenis of toepassing-spanning? Die hoorbare boodskap is dat daar baie omgegee word vir die predikante in die NHKA.

Die welstandsprogram word goed gefinansier en wyd verkondig. Die verlofvoordele in alle vorme is voortrefflik.

Die vraag is net: Hoe aanvoelbaar is hierdie program en hoe oop en onbevooroordelid is die benadering van die omgee-groepie? Hoe groot is die groepie vir wie daar omgegee word en hoe oop is die deure? Die onlangse vervolgsugtige hantering van ds Mouton is welbekend en daar is al na die onwettige en onkerkordelike optreden van die KommAKV verwys. Wat nie genoem was nie, is die standarde wat anders toegepas word.

Daar is vele gevalle van predikante wat na die oordeel van die KommAKV weens mediese redes nie bevoeg geag is om hulle werk te doen nie. Die pad is moeisaam en met groot deernis geloop om hierdie predikante medies-ongeskik verklaar te kry.

Die predikante se pensioenfonds het 'n polis wat hierdie moontlikheid van siekte-emeritaat ondersteun.

'n Predikant wat openlik van die kerkleiding verskil oor sekere sake, kwalificeer skynbaar nie! Nou wil dit lyk asof die gade van 'n

predikant van 'n Selfstandige gemeente, dieselfde "deernis" waardig is. Skaars is die Wilge gemeente onafhanklik of die gade van ds Steenkamp word opgeroep vir 'n broederlike gesprek. Sy is beroepafwagend en 33 weke swanger, maar sy moet spoed-eisend voor die Ringskommissie verskyn.

Op sy beste is daar baie spanning betrokke by enige sinodale gesprek. Ds. Tharina Steenkamp was opgeroep om in gesprek te tree met die Ringskommissie van die Ring van Potchefstroom. Hulle het eers die gesprek laat vaar nadat sy 'n doktersbrief ingehandig het.

Waar is die begrip? Waar is die geduld en die deernis? Is dit werklik so dringend om nou met haar te praat? Sou die Ringskommissie of dalk die KommAKV (wat skynbaar die opdrag gegee het) ingestaan het vir enige komplikasies met die swangerskap of geboorte wat verband hou met die spanning wat gepaard gaan met sodanige gesprek?

Hoe ongevoelig kan mens raak?

Gaan geen weerstand of standpuntinname geduld word nie?

Hoeveel meer deernis sou daar in 'n sekulêre instansie gewees het?

Deernisvol of ongenaakbaar?

Sinodale pastorale deernis blyk 'n konsep te wees wat vir Kommissie-lojale predikante gereserveer word.

NUUSBOKKIES

Op Vrydag 15 Maart 2013 het ouderlinge en predikante van die Selfstandige gemeentes

vergader om saam te beplan vir die eerste vergadering van die Bond van Selfstandige gemeentes wat gestig is tydens die vergadering van steedsHervormers. Verskeie sake is bespreek en soms sterk oor verskil. Alle sake is deurgepraat en telkens is beweeg na die vaste morele grond van konsensus. Oor die volgende sake was daar konsensus:

- Die begeerde tot gesprek en veral mediasie met die kerkleiding van die NHKA is net weer bevestig. steedsHervormers en die Bond is bereid om 'n mediasiegesprek te ondersteun en by te woon, indien die agenda oop is en alle sake op die tafel geplaas kan word. Ons is oortuig dat dit die beter weg is om te gaan.
- 1. Bondsvergadering sal jaarliks plaasvind. Die datum vir die eerste vergadering:
Dv. 28 – 31 Julie 2013
- 2. Die vergaderplek sal roteer. Plek: Gemeente Tuine. Die predikant van die gemeente waar die vergadering plaasvind, sal as voorsitter dien.
- 3. Afvaardiging: Predikante van Selfstandige gemeentes, 2 Ouderlinge, 1 Diaken. Emeriti en beroepafwagtende predikante in Selfstandige gemeentes met adviserende stem. Geloofsbriefe sal so spoedig moontlik versend word. Die geloofsbriefe moet voor of op 24 Mei 2013 aan die Skriba ds Frans Marais gestuur word.
- 4. Beskrywingspunte: Gemeentes en Kerkrade is welkom om beskrywingspunte aan die Skriba te stuur. Alle beskrywingspunte moet die Skriba voor of op 24 Mei 2013 bereik (Elektronies versend).
- 5. Die beskrywingspunte wat geformuleer sal word uit die verslae van die vergaderings van verskillende komitees (vergaderings was direk na stigting van Bond) sal ook in die agenda opgeneem word en sal dien as basis vir die kerkordelike ooreenkoms wat sal groei uit die besluite van die Bondsvergadering.
- 6. Die dienswerk van die dames/susters van die gemeentes word ondersteun en hulle onafhanklike funksionering onderskryf. Dit sal ook in 'n beskrywingspunt verwoord

word. U sal aparte kennisgewing hieroor ontvang.

- Meyerspark Hervormde Kerk is die nuutste gemeente wat betrek word by die KommAKV se groeiende waagmoed rondom hofsaake. Hul het reeds 'n Prokureursbrief gestuur waarin hierdie intensie bekend gemaak is en sekere inligting gevra word. 'n Jaar gelede is die steedsHervormers gekasty en hoogheilig daaraan herinner dat "Christene nie hof toe gaan nie". Hierdie sal die tweede bekende saak wees waar die inisiatief die KommAKV s'n is en die NHKA nie net reageer op sake nie.

KENNISGEWINGS

- **Grootvlei : KONSERTTYD** met Francois en Elizabeth Fourie op Saterdag 20 April 2013 by Grootvlei Jeugsentrum (Kerk) Prys: R50 Almal welkom. Navrae: Mandie Marais **0823875308**
- **Grootvlei : ADAM EN MWAH : PLOT OPSKOP** 31 Mei 2013 15:00 tot laat. R70.00 p/per (Kinders onder 10 gratis) Kontak nr **0828386303**
- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100.00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen **0845812905 / 0128115165**
- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Dames Premiermyn Hervormde Dorkas vereniging nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla se Lollie dollie dag op Saterdag 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R100 per persoon. Indien u 10 kaartjies verkoop, kom lag die gasvrou gratis. (500 vrouens!) Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings na j.otto@telkomsa.net of na admin@steenshervormers.co.za vir opname in die volgende Koersvas.